KragDag
doen jou eie ding

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING




# Entrepreneuria

## *Junior Entrepreneurskompetisie*

### *Sakeliga KragDag Wes-Kaap*

21-23 Maart 2024, Môreson Plaas, Malmesbury

## *KragDag gee jou entrepreneurskap 'n hupstoot*

Die junior entrepreneurs by KragDag het oor die jare 'n hoogtepunt vir baie van die KragDag besoekers geword. Die Entrepreneria Junior Entrepreneurskompetisie bied 'n informele platform waar kinders hulle entrepreneuriese vernuf kan toets en ook hulle sakgeld kan aanvul. By KragDag Sentraal 2023 het junior entrepreneurs die geleentheid gekry om hulle idees en produkte aan 36 000 mense bekend te stel.

Beoordeling word gedoen deur suksesvolle sakemanne en daar is vir die wenners, behalwe vir die kontant, voortgesette mentorskapgeleenthede van onskatbare waarde. Selfs in die voorbereiding vir jou uitstalling by KragDag is daar reeds geleentheid om van ons besigheidsafrigting sessies by te woon.

## *Wonder jy wat jy kan doen? So lyk jou mede-entrepreneurs:*

Van die produkte wat by vorige KragDag ekspo's aangebied is, sluit in pottebakkery, kunsbenodighede, knipmesse, vrugte, nuutste nutsgoed, selfgemaakte braaiers, plante, pyl-en-boë, spiraalaartappelsnyers, borrelblaasers, kuikens en pluimvee, gedroogte vrugte, tuisgebakte produkte, sjokolade,swepe, storieboekvoorlesings, popklere en -meubels, robotika, erdwurms en kuns- en skilderwerk, akwaponiese voedselverbouing, seepvervaardiging, byeboerdery, skaapskeerdery en tuisgemaakte vuuraanstekers.









## Kan jy goeie planne maak? Kom neem deel aan Sakeliga KragDag Wes-Kaap 2024 met ons leuse "Waag met toegerusde vertroue!"

Die wêreld lyk verseker nie meer dieselfde as wat dit 'n paar jaar gelede gelyk het nie en dit is "gewaarborg" om oor die volgende paar jaar steeds te verander. Behalwe dat jy nie meer kan aanvaar dat 'n skoolsertifikaat 'n werksgeleentheid gaan verseker nie, lok daar in elk geval avontuurlike en uitdagende entrepreneursgeleenthede. Geleenthede skep inderdaad nie hulle self nie, dus moet elkeen van ons leer om 'n plan te maak, 'n geleentheid te skep vir onsself en dit aan te gryp. Hiervandaan dan ons leuse "*Waag met toegerusde vertroue*!".
Hierdie kompetisie bied 'n geleentheid vir junior entrepreneurs wat hulle eerste treë na 'n vrye en volhoubare bestaan wil gee. Alhoewel enige jong entrepreneur by KragDag welkom is, is dit veral die entrepreneurs wat hulle nie net beperk tot inkomste uit die ekspo self nie, maar besig is om 'n heeljaar onderneming te bou, wat ons opgewonde maak.

## Deelname Afdelings

Jy kan in een van die volgende afdelings deelneem, nie net om te wen nie, maar veral vir die kennis wat jy gaan opdoen:

**Doelgerig:**
Vir die bestaande of voornemende entrepreneurs (ouderdom 13 tot 21 jaar) wat ernstig is om 'n sukses van hulle entrepreneuriese loopbaan te maak en gretig en die vermoë het om met die nodige mentorskapleiding hulle hiervoor voor te berei.
Bywoning van die besigheidsontwikkeling mentorskapprogram sal nie net beperk wees tot die wenners nie, maar ook toeganklik wees vir ander toppresteerders.

| | |
|---|---|
| Pryse: | 1ste Prys: R 3 000.00 |
| | 2de Prys: R 2 000.00 |
| | 3de Prys: R 1 000.00 |
| | 'n Besigheidsontwikkeling mentorskapprogram |

**Voete Natmaak:**
'n Ligter weegawe van die Doelgerig-pakket, hoofsaaklik gerig op jonger junior entrepreneurs (ongeveer tot 13 jaar).

| | |
|---|---|
| Pryse: | 1ste Prys: R 2 000.00 |
| | 2de Prys: R 1 500.00 |
| | 2de Prys: R 500.00 |

**Beoordeling :**
Beoordelaars sal binnekort aangekondig word en bestaan uit suksesvolle sakemanne en entrepreneurs onder leiding van Fergus Ferguson.

**Bepalings hierbo mag moontlik aangepas word.*

## *Om deel te neem en uit te stal:*

- Mag jy nie ouer as 21 jaar wees nie.

- Mag jy met 'n volwaardige kosstal tydens KragDag (onderhewig aan beskikbaarheid) aan die Junior Entrepreneur kompetisie deelneem, maar die koste sal soos vir normale kosstalle R3 266.00 wees in plaas van R115. Knabbelgoed is nie hieraan onderhewig nie - skakel met die KragDag kantoor vir besonderhede.

- Benodig ons voor 29 Februarie 2024:

  - Jou voltooide inskrywingsvorm (sien die aflaaiskakel vir die inskrywingsvorm op die volgende bladsy)

  - Jou R115 inskrywingfooi (R3 266.00 vir kosstal uitstallers).

  - Vir Junior Entrepreneurs wat in die Doelgerig afdeling deelneem, jou voltooide besigheidsvraelys (die vraelys is ***elektronies*** beskikbaar ten einde voorsiening te maak vir verstelbare grootte van invulbare velde).

  - Vir Junior Entrepreneurs wat in die Voete Natmaak afdeling deelneem 'n besigheidsvraelys (die vraelys is ***elektronies*** beskikbaar ten einde voorsiening te maak vir verstelbare grootte van invulbare velde).

- Jy moet op 23 Maart jou uitstalling beman en beskikbaar wees vir die beoordelaars om jou uitstalling te beoordeel en met jou 'n onderhoud te voer (indien jy op Donderdag/Vrydag 21 Maart en 22 Maart skool moet bywoon, sal ons jou vir hierdie dae verskoon.)

- **Belangrike datums is as volg:**
  Zoom sessie saam Fergus: **9 Maart 2024**
  Voltooide besigheidsvraelys voor **13 Maart 2024** email na louise@kragdag.co.za
  Datum van die Ekspo: **21, 22 en 23 Maart 2024**
  Beoordeling vind plaas die **23ste Maart 2024**
  Wenners word die **23ste Maart 2024** aangekondig

## Uitstalreëlings vir Sakeliga KragDag Wes-Kaap 2024:

Sakeliga KragDag Wes-Kaap 2024 vind plaas van Donderdag 21 Maart tot Saterdag 23 Maart 2024. Junior Entrepreneur deelnemers wat as gevolg van skoolverpligting nie Donderdag 21 Maart en Vrydag 22 Maart sy\haar uitstalling kan beman nie sal verskoon word, maar Saterdag is verpligtend.

Sakeliga KragDag Wes-Kaap 2024 vind plaas op Môreson Plaas Malmesbury.

## Inskrywingsvorm:

Vul asseblief die ***aanlyn inskrywingsvorm*** in.

LW: Dui asseblief die volgende op jou inskrywingsvorm aan:

- Jou ouderdom

- Of jy op Donderdag 21 Maart en Vrydag 22 Maart 2024 sal kan uitstal?

*Inskrywings sluit 29 Februarie 2024*

## Bankbesonderhede

KragDag
FNB
Takkode 258155
Rek. nr. 62377296431
Verwysing: Entrepreneur se naam

## Navrae

Vir meer besonderhede oor die ekspo besoek www.kragdag.co.za
Vir enige navrae skakel met ons by 087 231 1644 of louise@kragdag.co.za

## Ons Borge en Media Vennote

SAKELIGA
SELFSTANDIGE SAKEGEMEENSKAP

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING